Hereford Geïnkorporeer en Werknemervoordele

Hereford Geïnkorporeer bied toegewyde, hoë gehalte werknemervoordele-konsultasies aan organisasies van alle groottes. Ons is daartoe in staat om leiding te bied en raad te gee oor al die belangrike risiko-, beleggings- en administrasieplatforms heen.

Ons beskik oor ‘n span ervare beroepsmense, insluitend aktuarisse, wat bevoeg is om die mees geskikte voordeleplan-strategie en -struktuur te ontwikkel en te implementeer. Ons oplossings word op ‘n unieke en onafhanklike wyse gestruktureer en word aangevul deur die spesialiteits-vaardighede van onafhanklike beroepsmense.

Konsultasieproses



Ons Dienste

Administratiewe Dienste

Herford Geïnkorporeer word erken deur al die hoof administrasie-platforms. Dit verseker dat ons daartoe in staat is om objektiewe, onafhanklike leiding en advies te bied in verband met die aanstelling van ‘n geskikte fonds-administrateur.

Groepsrisiko-dienste

Hereford Geïnkorporeer kan in samewerking met enige risikovoorsiener optree. Waneer daar van ons vereis word om as makelaar op te tree, kan ons risikokoerse en voordele-strukturering onderhandel met al die groot lewensversekeringsmaatskappye.

Aktuariële Dienste

Hereford Geïnkorporeer kan met enige aktuaris saamwerk, maar terselfdertyd het ons toegang tot ons eie interne aktuariële span.

Beleggingskonsultering

Hierdie diens wissel van verslaggewing oor fondsopbrengste en markneigings tot beleggings-aanbevelings spesifiek tot jou fonds. Ons help ons kliënte om ‘n beleggingsrisiko-profiel saam te stel vir hulle aftreefonds en om ‘n geskikte beleggingstrategie te bepaal.

Bate- en laste-konsultering

Bate-Laste Modellering is 'n gesofistikeerde statistiese tegniek wat daarna streef om kliënte (korporatiewe en individuele lede) toe te rus met 'n beleggingstrategie wat pas by hulle unieke finansiële verpligtinge.

Netto Vervangingsratio's van lede

Die definisie vir netto vervangingsratio is die persentasie van werkende inkomste wat 'n individu moet belê om dieselfde lewenstandaard te handhaaf na aftrede.

Finansiële bestuurswerkswinkels

Ons finansiële bestuursvoorlegging is daarop gemik om werknemers toe te rus met die nodige gereedskap om 'n holistiese finansiële plan te implementeer en om kwessies rondom beleggingsbeplanning, beplanning vir aftrede en algemene finansiële sake te hanteer

Een-tot-een finansiële beplanning vir lede

Bo en behalwe geïndividualiseerde aftreefonds-advies, sal lede toegang hê tot finansiële beroepsmense wat in staat is om hulle by te staan met die stel en bereik van langtermyn finansiële doelwitte deur beleggings, belastingbeplanning, bate-toekenning, risikobestuur, beplanning vir aftrede en boedelbeplanning.

Wat werkgewers kan verwag

Betsuurskomitee-vergadering	Bestuurskomitee Opleiding	Advies en Insigte oor Wetgewing en Markneigings
Gereelde Bestuurskomitee Terugvoer	Jaarlikse Voordelestruktuur Hersiening en Leiding	Nakoming en Korporatiewe Bestuur
Sekretariële Dienste	Betaalrol Bystand en Leiding in terme van Fondsbydraes	Beleggings-beleidsverklaring en nakoming van Regulasie 28

Wat lede kan verwag

Finansiële Afrigting en Beleggingsbeplanning Voorleggings	Toegewyde Konsultant op Terrein	Aftreefonds Promosietoere
Individu-spesifieke Beleggingsadvies	Holistiese en Algemene Finansiële Beplanningsadvies	Gepersonaliseerde Beleggings-beleidsverklaring en Individuele Lid Aftrede Vervangingsratio's

Kaapstad: 021 552 7136 Johannesburg: 011 875 7600 Durban: 031 582 2300 Pietermaritzburg: 033 345 8202
Kloof: 031 832 4437 George: 044 802 9700 Pretoria: 012 347 5595 Willowbrook: 011 958 0630
www.herefordgroup.co.za | info@herefordgroup.co.za
Liberty Groep Bpk. is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer in terme van die FAIS-wet (Lisensienr 2409).

Celebrating over 20 years 20 years of creating financial freedom